

Hoofstuk van die dag: 2 Timoteus 3

> *Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. (vers 5)*

Die hele Skrif is deur God geïnspireer, dws dit is deur die inspirasie van die Gees geskryf. Só herinner Paulus ons in

vers 16. Hy verwys natuurlik na dit wat ons vandag as die Ou Testament ken, maar intussen het die kerk heelwat ander (Nuwe Testamentiese) boeke as deel van die Skrif aanvaar. Ook dit wat Paulus aan Timoteus skryf, is geïnspireer, al het hy dit dalk nie self so gesien nie. Vandag sou ons sê die hele Bybel is deur God geïnspireer. Dis hoekom die Bybel so kragtig is en nooit oud sal word nie – dis nie 'n gewone boek nie. Dis God se woord aan ons.

In die beskrywing van die laaste dae (vers 1-5) wil 'n mens se mond oophang, want dit is so waar! Paulus kon dit nie geweet het nie, maar tog het hy dit profeteer deur die werk van die Gees.

Om in só 'n verwarde en verdwaalde wêreld koers te hou, het ons God se woord nodig (vers 14-17). Moenie die Bybel afskeep nie! Dis hoe God jou wil help, sodat jy toegerus kan wees vir elke goeie werk.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026